**VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèl Nr. : A178/2005

In die appèl tussen:-

**SIYABULELA CLEMENT DLADLA LETSHWALO** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** VAN ZYL, R *et* MOCUMIE, R

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN ZYL, R

---

**GELEWER OP:** 26 MAART 2009

---

[1] Appellant het in die Streekhof te Harrismith as beskuldigde een van twee beskuldigdes tereggestaan op vier aanklagte, synde aanklag 1, huisbraak met die opset om te steel en diefstal, aanklag 2, die onwettige besit van 'n vuurwapen, aanklag 3, die onwettige besit van ammunisie en aanklag 4, 'n oortreding van artikel 117(a) van Wet 111 van 1998, synde ontsnapping. Appellant het onskuldig gepleit op al vier aanklagte en is onskuldig bevind en ontslaan op aanklagte 3 en 4. Appellant is wel skuldig bevind op aanklagte 1 en 4 en

is hy ten opsigte van die huisbraak met die opset om te steel en diefstal gevonnis tot 8 (agt) jaar gevangenisstraf en ten opsigte van die ontsnapping gevonnis tot 3 (drie) jaar gevangenisstraf. Dit is nie gelas dat die twee vonnisse samelopend uitgedien moet word nie, maar dit is wel gelas dat dit saamloop met ‘n ander vonnis wat appellant besig was om op daardie stadium uit te dien.

[2] Appellant kom nou in hoër beroep teen die skuldigbevindings op beide aanklagte en ook teen die opgelegde vonnisse op beide aanklagte.

Dit moet ter aanvang vermeld word dat appellant se kennisgewing van appél laat geliasseer is en het hy `n aansoek om kondonasie daarvoor geliasseer. Geen redes vir die laat-liassering is egter in die aansoek om kondonasie vermeld nie. Mnr, Reyneke, namens appellant, het versoek dat hierdie oorsig gekondoneer word, dat die kondonasie toegestaan word en dat die appél se meriete bereg word. Me. Bester, namens die staat, het geen beswaar hierteen geopper nie. Na my mening moet in ag geneem word dat die kondonasie aansoek en die kennisgewing van appél deur

appellant persoonlik opgestel is, wie uiteraard `n leek op regsgebied is. `n Hof sal nie maklik sy deure spreekwoordelik sluit vir so `n persoon deur hom onnodig te penaliseer vir prosedurele gebreke in die aanbied van sy saak nie. Hoewel dit dus geyk is dat redes vir die laat-liassering in sodanige aansoek uiteengesit moet word, is ek onder die omstandighede tevrede dat dit in belang van reg en geregtigheid is om die gebrek te kondoneer en inderdaad steeds kondonasie te verleen vir die laat-liassering van die kennisgewing van appél, ook sonder werklike inagneming van die meriete van die appél.

[3] Ten opsigte van aanklag 1, is dit appellant ten laste gelê dat hy op of omtrent 15 Desember 2000 in die distrik van Harrismith die woning van Henning Appelgryn geleë te De Villiersstraat oopgebreek en binnegegaan het en ‘n verskeidenheid van goedere in die totale waarde van R25 170,00 gesteel het. Die Staat het die getuienis van verskeie getuies aangebied ter bewys van hierdie aanklag.

[4] Gysbert Jacobus du Plessis het getuig dat hy ten tyde van die insident op 15 Desember 2000 die klaer, wie met verlof

was, se woning opgepas het. Hy het die woning om ongeveer 16h15 verlaat, op welke stadium die woning gesluit was en alles in orde was. Toe hy terugkeer om ongeveer 18h00, het hy opgemerk dat die huis deurmekaar was en dat daar goed op die grond lê. Die groot venster in die hoofslaapkamer, waar daar nie diefwering was nie, was heeltemal uitgegooi met `n klip. Hy het onder andere gemerk dat die hoëtroustel en die videomasjien weg was. Nadat hy die polisie gekontak het, is daar vier CD houers gevind onder die hoofslaapkamer se venster aan die buitekant, vanaf welke CD houers die volgende dag vingerafdrukke gelig is.

[5] David Henning Appelgryn het getuig dat hy die eienaar van die woning is en dus die klaer in die saak is. Hy is die aand van die voorval om ongeveer 18h00 deur die getuie Du Plessis gekontak en in kennis gestel dat daar ingebreek is by sy woning. Hy is om ongeveer 20h00 dieselfde aand in kennis gestel en meegedeel dat verdagtes gearresteer is. Nadat hy van verlof teruggekeer het, het hy ‘n inventaris, bewysstuk “A”, opgestel van die gesteelde eiendom. Hy het ook op 4 Januiarie 2001 teruggevonde goedere in die totale

bedrag van R9 140,00 by die Polisie Stasie identifiseer as sy eiendom en 'n lys, bewysstuk "B", opgestel as synde die lys van teruggevonde goedere.

[6] Inspekteur Kabedi Mokgatla het getuig dat hy verbonde is aan die plaaslike kriminele rekord sentrum, gestasioneer te Bethlehem, en het hy 19 jaar diens in die Suid-Afrikaanse Polisie Diens en is hy reeds ses jaar 'n vingerafdrukdeskundige. Hy het op 16 Desember 2000 die woning hierin ter sprake besoek en het hy vingerafdrukke gelig vanaf 'n CD houer, welke aan die klaer behoort het. Hy het hierdie vingerafdrukke vergelyk met beide die van appellant en beskuldigde twee en was dit ooreenstemmend met die van beskuldigde twee. Hy kon geen vingerafdrukke van appellant vind nie.

[7] Johannes Hendrik Beyers het getuig dat hy 'n Inspekteur in die Suid-Afrikaanse Polisie Diens is met 11 jaar ondervinding. Op 15 Desember 2000 teen ongeveer 21h20 was hy nie aan diens nie. Hy was op pad na sy woning toe hy twee mans in De Villiersstraat sien loop het van boom na boom. Dit was in dieselfde straat as waarin die woning hierin

ter sprake geleë is. Die persone het nie gemaklik voorgekom nie. Die getuie het in sy privaat voertuig in die straat ingedraai en die persone probeer volg, maar toe hy om ‘n sekere hoek kom, was die twee persone nie meer sigbaar nie. Hy het ‘n entjie daarvandaan sy motor geparkeer, uit sy motor geklim en die omgewing dopgehou. Na ongeveer 10 minute het hy een van die mans sien terugkom vanuit die straat in die rigting van die parkeerterrein van ‘n Spar winkel in die omgewing en kort daarna het hy gemerk dat die tweede man die eerste man volg in dieselfde rigting. Hy het ook opgemerk dat beide die mans iets by hulle dra, hoewel hy nie kon uitmaak wat dit was nie. Hy het daarop in die oop veld langs die Spar parkeerterrein gaan kyk of hy die twee mans kon sien, aangesien hulle in die donker verdwyn het. Onder ‘n Wilgerboom het hy in sy voertuig se ligte ‘n groot wit plastieksak sien lê. Toe hy nader stap, het hy gemerk dat die twee mans onder die boom by die plastieksak sit. Hy het die twee mans genader en hulle om ‘n verduideliking gevra waar hulle vandaan kom en wat hulle daar doen. Die twee mans het verskillende items by hulle gehad, onder andere ‘n hoëtroustel, videomasjiene, ‘n horlosie, wekkers, knipmesse,

‘n selfoon en ook ‘n vuurwapen. Hy het daarop die polisie stasie te Harrismith gekontak en gevra of daar enige huisbrake in daardie onmiddellike omgewing gerapporteer was, waarop bevestigend geantwoord is. Hierna het hy beide die verdagtes se regte verduidelik en hulle arresteer. Die twee verdagtes was appellant en beskuldigde twee. Al die goedere wat by hulle gevind is, is ingehandig by die Harrismith Polisie Stasie vir veilige bewaring.

Tussen die artikels wat hy by die verdagtes gekry het, was ook ‘n veiligheidsheksleutel. Hy het met hierdie sleutel na die woning hierin ter sprake gegaan en het dit die sekuriteitshek by die agterdeur oopgesluit.

Gedurende kruisverhoor het appellant dit aan Inspekteur Beyers gestel dat op die stadium wat Inspekteur Beyers by hom en beskuldigde twee gestop het, hy reeds die tersaaklike goedere op sy voertuig gehad het. Hierdie stelling is deur Inspekteur Beyers ontken en het hy opnuut bevestig dat hy appellant en beskuldigde twee onder die boom aangetref het, waar hulle op hulle hurke gesit het tussen al die artikels waarna hy verwys het.

[8] Masilo Ben Tomglang het getuig dat hy ‘n Speurder Inspekteur in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie is, gestasioneer te Harrismith Misdaad Ondersoek en dat hy reeds 24 jaar diens in die Suid-Afrikaanse Polisie Diens het. Op 4 Januarie 2001 was hy aan diens toe die klaer, mnr. Appelgryn, na die aanklagkantoor te Harrismith gekom het. Die goedere waarna hierna vroeër in getuienis verwys is, is aan mnr. Appelgryn getoon, waarop hy dit geïdentifiseer het as sy eiendom en `n inventaris daarvan opgestel het.

[9] Wat die aanklag van ontsnapping betref, het Dans Moekoena getuig dat hy ‘n Inspekteur is in die Suid-Afrikaanse Polisie Diens die afgelope 29 jaar en gestasioneer is te Harrismith Polisie Stasie. Op 29 Desember 2000 was hy aan diens by die selle waar appellant, beskuldigde twee en ander gevangenes aangehou is. Hiertydens het ‘n groep van die gevangenes op die getuie afgestorm, hom uit die pad gestamp en ontsnap. Beskuldigde twee en drie ander wat aldus ontsnap het, is later weer deur die getuie en sy kollegas gearresteer.

Appellant is egter na 'n verloop van vyf maande eers opgespoor en gearresteer.

Gedurende kruisverhoor het appellant ontken dat hy deel was van die groep wat die getuie sou bestorm en gestamp het en het hy beweer dat hy eers later op die toneel opgedaag het, waarop hy bloot die selle verlaat het, aangesien alles oop was op daardie stadium en daar geen polisiebeamptes op die toneel was nie.

[10] Dit het die staatsaak voltooi.

[11] Appellant het in sy eie verdediging getuig. Ten opsigte van die aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal, het hy enige betrokkenheid daarby ontken. Hy het getuig dat gegewe die feit dat sy vingerafdrukke nie daar gevind is nie, ook aanduidend is daarvan dat hy nie betrokke was by die pleging van die misdryf nie. Hy het voorts getuig dat op die stadium wat hy deur Inspekteur Beyers gearresteer was, die beweerde gesteelde goedere reeds agterop die bakkie van Inspekteur Beyers was.

Wat die aanklag van ontsnapping betref, het hy in sy getuienis in hoof erken dat hy ontsnap het, maar het beweer dat hy deur sy mede-gevangenes geforseer was om dit te doen, deurdat hulle hom op sy bors geslaan het. Gedurende kruisverhoor het appellant toegegee dat hy nie toestemming gehad het om die selle te verlaat nie. Hy het egter steeds volgehou dat die ontsnapping geforseerd was, hoewel hy getuig het dat hy laaste uit die sel gestap het,

[12] Die verhoorhof het in sy uitspraak tot die gevolgtrekking gekom dat wat die aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal betref, dit die enigste redelike afleiding uit die getuienis is dat appellant en beskuldigde twee die persone was wat by die woning ingebreek het en die goedere soos per bewysstuk “A” gesteel het.

[13] Mnr. Reyneke het reeds in sy betoogshoofde toegegee dat hy geen sinvolle submissies kan maak dat daar ‘n ander gevolgtrekking gemaak kan word as om te bevind dat appellant betrokke was by die huisbraak en diefstal nie. Hierdie toegewing het hy ook in die ope hof herhaal. Dit is ‘n toegewing wat na my mening op baie verantwoordelike wyse

en heeltemal tereg deur hom gemaak is. Die getuienis is duidelik tot dien effekte dat appellant en beskuldigde twee enkele ure na die inbraak in dieselfde straat gevind is waar die inbraak plaasgevind het, waartydens hulle vreemde gedrag openbaar het. Wanneer Inspekteur Beyers hulle dan later nader, vind hy, op sy weergawe, juis die goedere in hulle besit wat kort vantevore by die woning gesteel is. Volgens appellant (en beskuldigde twee) se getuienis was hulle beide van 'n ander plek as Harrismith, het hulle mekaar toevallig in Harrismith raakgeloop, het hulle toevallig saamgeloop en is hulle toevallig gekry in die straat waar by die eiendom ingebreek en gesteel is en dan, op hulle weergawe, was Inspekteur Beyers reeds in besit van die goedere wat gesteel is. Wanneer die vraag dus oorweeg moet word of appellant (en beskuldigde twee) se weergawes redelik moontlik waar is, is ek van mening dat appellant (en beskuldigde twee) se weergawes nie klop met die waarskynlikhede nie. In die verband het die verhoorlanddros ook verwys na die leerstuk van onlangse besit, op grond waarvan hy ook heeltemal tereg tot die gevolgtrekking gekom het dat appellant se weergawe nie met die waarskynklikhede strook nie. (Sien uitspraak, p. 115, reël 14

– p. 116, reël 20.)

[14] Na my mening het die verhoorhof dus heeltemal tereg bevind dat appellant se weergawe hieromtrent nie redelik moontlik waar kan wees nie en dat dit inderdaad die enigste afleiding is dat appellant (en beskuldigde twee) die persone is wat die inbraak en diefstal gepleeg het. Daar is gevolglik geen basis waarop met hierdie skuldigbevinding ingemeng kan word nie.

[15] Wat die skuldigbevinding ten opsigte van die ontsnapping betref, het mnr. Reyneke na my mening weereens tereg toegegee dat daar nie enige meriete in die appèl bestaan nie. In die verband het die verhoorhof tereg bevind dat op appellant se eie weergawe, hy in bewaking was en uit daardie bewaking ontsnap het, synde dat hy die bewaking verlaat het sonder dat hy enige toestemming daartoe gehad het. Sy weergawe dat hy daartoe geforseer was deur sy mede-gevangenes, is ook nie redelik moontlik waar gegewe sy verdere eie weergawe dat hy die laaste persoon was wat die selle verlaat het nie. Die verhoorhof het gevolglik na my mening appellant se weergawe hieromtrent tereg verwerp en tereg bevind dat die Staat sy saak bo redelike twyfel bewys

het. Ook ten opsigte van hierdie skuldigbevinding kan die appèl derhalwe nie slaag nie.

[16] Wat die opgelegde vonnisse betref, blyk dit dat appellant se persoonlike omstandighede tot dien effekte is dat hy 23 jaar oud was ten tyde van vonnisoplegging, ongetroud en met geen kinders nie. Hy het skolasties gevorder tot en met standerd 7. Ter strafversagting het appellant aangevoer dat hy ten tyde van vonnisoplegging besig was om 'n ander vonnis uit te dien en het hy versoek dat welke vonnis ook al opgelê word, dit gelas moet word dat dit samelopend uitgedien word met die vonnis wat hy toe reeds besig was om uit te dien.

[17] Met inagneming van die feit dat appellant ongeveer vyf maande op vrye voet was na sy ontvlugting, blyk dit dat appellant vir 'n tydperk van ongeveer 18 maande verhoorafwagtend in aanhouding was. Hierdie feit is wel deur die verhoorhof ten tyde van vonnisoplegging in aanmerking geneem. (Sien uitspraak, p.121. reëls 17 – 18.)

[18] Teenoor die persoonlike omstandighede van appellant en laasgenoemde faktore wat ten gunste van hom in aanmerking geneem moes word en wel in aanmerking geneem is, is daar egter sekere strafverswarende faktore wat ook deur die hof in aanmerking geneem is. Appellant is nie ‘n eerste oortreder nie. Appellant het relevante vorige veroordelings van diefstal en ook huisbraak met die opset om te steel en diefstal wat strek vanaf 1995 tot 2001. Hierdie vorige veroordelings is, soos tereg deur die verhoorhof uitgewys, aanduidend daarvan dat alhoewel appellant jonk is, hy hom nie aan die gereg steur nie. Hy toon geen respek vir ander persone se goedere nie. Verdermeer is dit ook so dat vanweë die aard en erns van die misdryf, die gemeenskapsbelang ook na vore tree by vonnisoplegging.

[19] Hoewel appellant in sy kennisgewing van appèl daarop steun dat die opgelegde vonnisse skokkend swaar en onvanpas is, meen ek, soos ook deur me Bester betoog, dat dit inderdaad nie die geval is nie. Die versagtende faktore waarna appellant in sy kennisgewing van appèl verwys en welke hy beweer die verhoorhof dit nie in ag geneem het nie, synde

die tydperk wat hy in aanhouding was en die feit dat hy reeds besig was om ander vonnisse uit te dien, is, soos reeds hierbo vermeld, inderdaad deur die verhoorhof in aanmerking geneem. Dit blyk dan ook in besonder uit die feit dat die verhoorhof gelas het dat die opgelegde vonnisse samelopend uitgedien moet word met die ander vonnisse wat appellant besig was om uit te dien, juis ten einde sodanig appellant se opgelegde vonnis te temper.

[20] Derhalwe kan die appèl teen die opgelegde vonnisse ook nie slaag nie.

[21] Gevolglik word die appèl teen beide die skuldigbevindings en beide die opgelegde vonnisse, van die hand gewys.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam.

**B.C. MOCUMIE, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Mnr. Mnr. J.D. Reyneke<br>In opdrag van:<br>Bloemfontein Regsentrum<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. A. Bester<br>In opdrag van:<br>Direkteur van Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/sp